## VEILINGS

# Presiese kopie van ysterperd te kry

H&H Classics in Engeland verkoop 'n presiese kopie van 'n geliefde 1946-Gilera Saturno Competizione op 2 November op 'n veiling.

Dié fiets is met die grootste sorg deur Ettore Villa, 'n voormalige Gilera-ondersteuner, aanmekaargesit. Dit is in 1992 deur 'n bekende versamelaar aangeskaf en in 2006 deur Tim Jackson, die huidige verkoper, aangekoop. Hy het dit in 2007 omvattend opgegradeer sodat hy daarmee aan motorfietswedrenne kon deelneem. By die Goodwood Revival in 2010 het hy sesde geëindig en in 2014 sewende.



**Die presiese kopie van 'n geliefde 1946-Gilera Saturno Competizione, wat in Engeland opgeveil gaan word.** Foto: H&H CLASSICS

Al die oorspronklike onderdele word by die veiling ingesluit.

Mark Bryan, H&H Classics se motorfietsspesialis, sê die tipe motorfiets is uiters skaars en kom selde na die mark toe. Hy verwag dat dit groot belangstelling gaan lok.

Die motorfiets het 'n voorveilingsberaming van tussen £11 000 en £13 000.

# Dok op vir koning van pop se handskoen

## Artikels van ook Elvis, ander te kry

'N Regterhandskoen van Michael Jackson, die koning van pop, word volgende week deur Julien's Auctions op sy rock 'n' roll-veiling in New York verkoop.

Jackson het dié handskoen tydens die Triumph-toer in 1981 gedra.

Die veilingshuis verwag dat dit vir tussen $100 000 en $200 000 gaan verkoop. Dit maak deel uit van 'n versameling van Jackson se oordadige verhoogkostuums, ontwerpersbaadjies en hoede wat op die veiling beskikbaar gaan wees.

'n Oordadige fluweelbaadjie, wat ontwerp is deur Dennis Tompkins en Michael Bush, gaan na raming vir tot $20 000 verkoop. Jackson het die baadjie in 1997 op sy vriendin Elizabeth Taylor se 65ste verjaardagpartytjie in Los Angeles gedra en later by die 50ste rolprentfees in Cannes. 'n Pasgemaakte wit ruimtepak met rooi skouerbelegsels, wat hy tydens sy 1992-Dangerous-toer aangehad het, kan tot $8 000 haal.



**Die uitrusting van fluweel wat Michael Jackson in 1997 op Elizabeth Taylor se 65ste verjaardagpartytjie in Los Angeles gedra het, en ook later by die 50ste rolprentfees in Cannes, gaan verwagting vir tot $20 000 opgeveil word. In die middel is die koning van pop se regterhandskoen, wat hy tydens die Triumph-toer in 1981 gedra het. Regs is sy pasgemaakte wit ruimtepak met rooi skouerbelegsels.** Foto's: JULIEN'S AUCTIONS

Die artikels is deel van 700 lotte memorabilia van die invloedrykste musiekkunstenaars ter wêreld, onder wie Kurt Cobain, Elvis Presley, The Beatles, Madonna, Queen, Bob Dylan, Jimi Hendrix, Eric Clapton en Bruce Springsteen.

Hoogtepunte sluit in die koning van rock en roll, Elvis Presley, se Fender- elektriese kitaar, wat vir tot $80 000 kan verkoop. Die legendariese sanger se geliefde goudkleurige 1974-Mercedes-Benz 450 SL-koepee is ook beskikbaar. Dit kan tot $200 000 haal. Sy 1976-Harley-Davidson XLH Sportster maak ook 'n draai op die veilingsvloer en gaan teen 'n geraamde $100 000 verkoop.

'n Swart-en-wit foto van The Beatles wat in 1962 deur Astrid Kirchherr geneem is en deur elke lid van die groep onderteken is, kan vir tot $7 000 verkoop.

Die veiling word op 25 en 26 Oktober by die Hard Rock Cafe in New York gehou.

PARK VILLAGE AUCTIONS
Vertrou deur banke, gerespekteer deur kopers

VEILING

EGTE BANK-TERUGGENEEMDE PASSASSIERS-, KOMMERSIËLE- EN BESTUURS VOERTUIE

WO. 23 OKT OM 10:30

BESIGTIGING: DINS 22 OKT VAN 9:00-16:00




BANKTERUGNAMESENTRUM, MAINWEG 221, MARTINDALE, JHB

In opdrag van terugnamebestuurders, likwidateurs, trustees en eksekuteurs: Standard Bank

'N 6% KOPERKOMMISSIE IS BETAALBAAR • VIR 'N OMVATTENDE LYS EN VEILINGREËLS, GAAN NA WWW.PARKVILLAGE.CO.ZA • ALLE LOTTE WORD ONDERWORPE AAN 'N RESERWEPRYS VERKOOP.

Om hierdie veiling regstreeks te kyk, na die instruksies te kyk, of om te registreer vir AANLYNBIEËRY besoek www.parkvillage.co.za

3124

PARK VILLAGE AUCTIONS
Vertrou deur banke, gerespekteer deur kopers

GENBIZ TRADING 112 (Edms) Bpk (IN LIKWIDASIE) MRN: G887/2018
In opdrag van die boedel se LIKWIDATEUR, bied ons by wyse van 'n publieke veiling die volgende aan op die perseel:

GROOT NYWERHEIDSWERKSWINKEL-GEBOU EN BEWEEGBARE BATES

WEB REF: 384



5de LAAN, (DEEL 3 VAN ERF 126 – GROOTTE 1.0296 HEKTAAR), VORSTERSKROON UITBREIDING 3, NIGEL, GAUTENG.

WOENSDAG, 30 OCTOBER OM 11:00 VM

Die verbeterings behels a groot U-vorm nywerheidsgeboukompleks in bestaande uit 'n driedubbele volume werkswinkel met stellasiekraan, masjienwerkswinkels, stoorkamers, kleiner werksareas, kantore werkskantien, kleedkamers, ineenvloeiende driedubbele volume saamstelwerkswinkel en aangrensende pakkamer en onderdakparkering.

BEWEEGBARES:
BEWEEGBARES AFSONDERLIK VERKOOP OF GEKOMBINEERD: verskeie filtersakhokke en ligte industriële rakke

• TEL: 011 789 4375 – Carol * FAKS: 011 789 43 69 * E-POS: auctions@parkvillage voldoen aan deel 45 van die verbruikerswet, wet 68 van 2008. Park Village of die finansiële instelling se verteenwoordiger mag bie tot die reserweprys namens die verkoper. TERME VAN VERKOOP: 15% deposito met toeslaan van bod en balans binne dertig dae na bevestiging. Fica-dokumente 'n vereiste. Koperskommissie betaalbaar. Verdere terme en voorwaardes geld. VOORWAARDES VIR BEWEEGBARE BATES: R5 000 registrasie deposito 'n vereiste. Fica-dokumente 'n vereiste, koperskommissie betaalbaar. Verdere terme en voorwaardes van toepassing.

3161

PARK VILLAGE AUCTIONS
Vertrou deur banke, gerespekteer deur kopers

QC4 CIVILS (Edms) Bpk (IN LIKWIDASIE)
MEESTERVERWYSINGSNOMMER: M000033/2019
In opdrag van van die boedel se likwidateurs, bied ons die volgende per publieke veiling aan op die perseel:





VEILING SIVIELE INGENIEURS- EN KONSTRUKSIEMAATSKAPPY

14de AVENUE 47, LICHTENBURG
DINSDAG 29 OKTOBER OM 11:00

Cat 320I-laaigraaf, Hitachi LC 330-laaigraaf, Hyundai R210-7-laaigraaf, Backhoe-laaier, Ford 6610/7610-trekkers, Drawbar kantel-, platbak- en water-sleepwaens, verskeie dieselsleepwaens, verskeie Bomag Walkbehind-rollers, verskeie konkrytmengers en kantoortoerusting.

BESIGTIGING: MAANDAG 28 OKTOBER, 10:00 TOT 15:00


WEB REF: 395

• TEL: 011 789 4375 – Carol * FAKS: 011 789 43 69 * E-POS: auctions@parkvillage voldoen aan deel 45 van die verbruikerswet, wet 68 van 2008. Park Village of die finansiële instelling se verteenwoordiger mag bie tot die reserweprys namens die verkoper. TERME: R20 000 terugbetaalbare registrasiedeposito, koperskommissie betaalbaar. Al bogenoemde is onderhewig aan verandering sonder kennisgewing. Vir meer inligting, besoek www.parkvillageauctions.co.za

2939

# Bie op Brando-bromponie

'n Klassieke Italiaanse bromponie waarop die Hollywoodse hartebreker Marlon Brando rondgerits het, word op 2 November deur H&H Classics by sy veiling by die National Motorcycle-museum in Engeland verkoop.



**Marlon Brando**

Die 1976-Piaggo Vespa 125 TS is in Rome deur die rolprentvervaardiger Elliot Kastner aangekoop en daarna na Engeland toe geneem. Kastner was die vervaardiger van lokettreffers soos *Where Eagles Dare*, *Missouri Breaks*, waarin Brando gespeel het, en *Angel Heart*.

Brando het die bromponie vir pretritte geneem tydens sy gereelde kuiers by Kastner.



**Die 1976-Piaggo Vespa 125 TS word op 2 November in Engeland opgeveil.** Foto's: H&H CLASSICS

Die bromponie is in sy oorspronklike ongerestoureerde toestand en het selfs die oorspronklike Rome-nommerplaat. Dit gaan na verwagting vir tussen £2 000 en £3 000 verkoop. Dit is nooit vir padgebruik geregistreer nie en slegs by Kastner se plattelandse huis, Runnymede House in Old Windsor in Berkshire, gebruik.

PARK VILLAGE AUCTIONS
Vertrou deur banke, gerespekteer deur kopers

Behoorlik gemagtig deur die Likwidateurs en Kurators van die Insolvente Boedel,
**Myburgh-Eiendoms Trust, Meester Verwysing: B25/2018,**
**Myburgh Groep (EDMS) BPK (I/L) Meester Verwysing: B32/2018**
**en Vierfontein Voerkraal (EDMS) BPK (I/L) Meester Verwysing: B33/2018**
bied ons die volgende aan **PER OPENBARE VEILING:**

TWEE DAG-VEILING IN DIE KROONSTAD/EDENVILLE DISTRIK VAN ONROERENDE EIENDOM, HOË GEHALTE TREKKERS, VRAGMOTORS, STROPERS, VOERTUIE, PLAAS IMPLEMENTE EN KANTOORTOERUSTING

DAG 1 Onroerende & Roerende Eiendom
30 Oktober 2019 @ 10:00

1. Oorblywende gedeelte van die plaas Bankies nr 646, Grootte: 426,7441Ha
2. Gedeelte 1 (Rosebank) van die plaas Bankies nr 646, Grootte 425,3409Ha
3. Oorblywende gedeelte (van 2) van die plaas Bankies nr 646 Grootte: 171,3065Ha
4. Gedeelte 3 van die plaas Bankies nr 646, Grootte: 24,5013Ha
5. Gedeelte 4 (van 2) van die plaas Bankies nr 646, Grootte: 212,6697Ha
6. Gedeelte 5 (van 2) van die plaas Bankies nr 646, Grootte: 41,3633Ha
7. Die plaas Vaalkop nr 1010, Grootte: 599,5724Ha

8.1 Die plaas Doorndraai nr 364, Grootte: 176,1301Ha
8.2 Plaas Erfdeel nr 410, Grootte 176,1301Ha;
8.3 Plaas Hijlettasdeel nr 2064, Grootte: 178,2715Ha
8.4 Res van die plaas Moedersdeel nr 158, Grootte: 367,0851Ha;
8.5 Die plaas Adelaide nr 2065, Grootte:145,9987Ha
8.6 Die plaas Adelaide nr 228, Grootte: 32,2913Ha
8.7 Gedeelte 1 van die plaas Klein Vierfontein nr 218, Grootte: 44,8080 Ha
8.8 Gedeelte 1 van die plaas Johannes Stephanusdeel nr 435, Grootte: 80,9543Ha
8.9 Gedeelte 1 van die plaas Anniesdeel nr 2067, Grootte: 36,8088Ha
8.10 Oorblywende gedeelte van die plaas Vierfontein nr 264, Grootte: 178,2900Ha
8.11 Die plaas Populierbosch nr 2063 Grootte: 178,2900Ha
8.12 Die plaas Johannes Stephanusdeel nr 2070, Grootte: 74,2856Ha
8.13 Oorblywende deel van die plaas Johannes Stephanusdeel nr 435, Grootte: 23,2055Ha
8.14 Oorblywende deel van die plaas Anniesdeel nr 2067, Grootte: 136,7142Ha
8.15 Die plaas Anniesdeel nr 440, Grootte: 4,9208Ha
8.16 Oorblywende deel van die plaas Klein Vierfontein 218, Grootte: 133,7175Ha
8.17 Oorblywende deel van die plaas Dankbaar nr 2069, Grootte: 168,2157Ha

9. Die plaas Annex nr 2159, Grootte: 136,8110Ha
10. Gedeelte 1 van die plaas Canada nr 738, Grootte: 62,5560 Ha

**VRAGMOTOR EN WAENTJIE:** 1981 Mercedes Benz; Mercedes-bus; 2007 Iveco; 2008 UD 100 met tralies; 2012 UD 100 met tralies; hoë spoed sleepwaentjie met hyskraan, 2 x hoë spoed sleepwaentjie met tralies.

**VOERTUIE:** 2017 Toyota Hilux; 2016 Toyota Hilux; 2 x 2013 Toyota Hilux; 1995 Toyota Hilux; 2007 Isuzu Fleetside; 2003 Ford Ranger, 2016 Ford Ranger 3.2 XLT. 2017 Isuzu KB250 D-teq, 2017, 2017 Ford Ranger XLT D/kajuit

**TREKKERS:** 2010 Landini Landpower 125 DT; 2009 Landini Global Farm 105 DT; 2008 Landini Landpower 130; 1986 Landini 13000 DT; 2 x Landini Landpowers 115; Landini 8500 DT; Landini Globalfarm 105; Landini tractor; Landini Legend 120 DT; 2015 Landini Dual power 7-190; Landini 8860; 6 x 2017 Case MAXXIM 125 DT; 2012 Case 500 Quadtrack; 2016 John Deere 8320 R MFWD; 2013 John Deere 8310 R MFWD; 1978 John Deere 3130; 2 x John Deere 6170M MFWD; 1981 Ford 7600; 1980 Ford 5000; Massey Ferguson; Massey Ferguson 390.



**SPROEIERS:** 2012 Case Patriot-sproeier; trekker sproeier.

**STROPERS:** 2016 Case 5140-stroper; 2015 Case 6130-stroper; 2013 Case 5130-stroper; 2013 Geringhof-sonneblomtafel; Franco Fabril SF1270-sonneblomtafel; stropertafel; 3 x 3 ry Geringhof-mielietafel.

**LAAIERS EN VURKHYSER:** Wacker Neuson 1150-laaier; Wacker Neuson 850-laaier; Wacker Neuson 550-laaier; laaibak; vurkhyser.

**VOERMENGERS:** V18 Diamond-voermenger met elektries gedrewe vervoerband; Diamond MH 310-voermenger; Rolo-voermenger; 2 x Storti Husky 9SJW-500-voermenger, Diamond-voermenger M/B 14T.

**PLANTERS & STROOIERS:** 2013 Equalizer wyespan 9 ry; 2010 Massey Ferguson 555 TSB planter 3 ry vakuum; 2010 Massey Ferguson 543 TSB planter 3 ry vakuum; 3 x planterbalke; 3 x staal kunsmisbakke vir planter; kunsmis-toediener; BPI-kunsmisstrooier; kunsmis-toediener.

**TANDIMPLEMENTE:** 2 x Kole grondbewerker met bakke; 2 x 5 verlengstukke vir grondbewerkers; grondbewerker-dele, grondbewerker, 27 tand grondbewerker met rollers; 2 x 6 grondbewerker; 3 x 3 ry roterende harke; 6 ry roterende hark; 6 ry Lilleston-roterende hark; 4 ry Lilleston-roterende hark; hark-dele, 3 x 11 tand Super 18; 2 x 19 tand Super 18; buigbare lem met bakkie; V-raam 1 tandskeurploeg; 6 tand Tillage-skeurploeg; 3 ry Tillage-skeurploeg; balk met hark-dele.
**EN VELE MEER**

DAG 2 Kantoortoerusting
31 Oktober 2019 @ 10:00

**KANTOORTOERUSTING:** 12 x stoele; 12 x kantoorstoele; 5 x tafels; 9 x koffietafels; 3 x matte; 11 x skilderye; 5 rekenaarskerms; 4 sleutelborde en muise; 3 x rekenaar bokse; 8 x kabinette; 3 x boekrakke; 3 x lampe; leer bank stel; koffiemasjien; 3 x muurklokke; bank; 2 x drukkers; lamineer masjien; 2 x telefone; kussings; ronde tafel; perde sale






DATUM: 30 & 31 OKTOBER 2019 @ 10:00

BESIGTIGING: 29 OKTOBER PERSEEL: PLAAS BANKIES 646, KROONSTAD/EDENVILLE DISTRIK

LIGGING: Om die eiendom te bereik, neem van Edenville die Kroonstad-pad (R34) vir 10,5 km. Draai links op 'n grondpad en ry 900m na die opstal. Van Kroonstad neem die Edenville-pad (R34) vir 32 km (vanaf Ultra City) en draai regs op 'n grondpad. Ry op hierdie pad vir 900m na die opstal.

GPS KOÖRDINATE: -27.580400, 27.560243

Kontak: Juan 076 317 9955 | 051 430 2300
bloem3@parkvillage.co.za | Eddie 073 326 7777

**BEPALINGS EN VOORWAARDES:** R10,000.00 terugbetaalbare registrasie deposito is betaalbaar, 6 % kopers kommissie plus BTW is betaalbaar op onroerende eiendom. 15 % deposito betaalbaar op die val van die hamer. Vir die balans moet die koper 'n bankwaarborg voorsien 30 dae na bekragtiging. 10% kopers kommissie plus BTW is betaalbaar op roerende goedere. 21-dag bekragtigings tydperk van toepassing op onroerende eiendom en 7-dag bekragtigings tydperk vir roerende bates. Afslaer: Nico Maree / Juan Maree. Dokumentasie fooi van R1500.00Plus BTW betaalbaar op voertuie en R3000.00 plus BTW op trekkers, vragmotors en waentjies. Alle finansiering moet vooraf goedgekeur wees. FICA-vereistes (ID en bewys van adres) moet nagekom word. Geen transaksies sal afgehandel word sonder dat die FICA-vereistes nagekom is nie. Veiling is onderhewig aan 'n reserweprys. Alle voornemende bieërs moet vooraf geregistreer wees. Algemene veiling reëls is beskikbaar op die Park Village-webtuiste. Die veiling reëls is in ooreenstemming met artikel 45 van die Verbruikersbeskermingswet 68 van 2008, wat beskikbaar is op ons webtuiste – URL http://www.parkvillageauctions.co.za/wp-content/uploads/2013/10/Rules_of_Auction.pdf
**Bg. is onderhewig aan verandering sonder voorafkennisgewing.**

2366



**PVA nooi bieërs uit om aanbiedings te doen vir die toerusting van 'n nis-plastiek-spuitvormingsonderneming. Aanbiedings sluit Dinsdag om 12:00.**

# Toerusting te koop van nisplastiekfirma

Park Village Auctions (PVA) nooi bieërs uit om aanbiedings te doen vir die toerusting van 'n nis-plastiek-spuitvormingsonderneming wat in bekleding en profilering spesialiseer.

Die toerusting word afsonderlik of as 'n gekombineerde lot van die hand gesit en aanbiedings sluit Dinsdag om 12:00. Die toerusting kan vandag van 12:00 tot 15:00 besigtig word te Firestonestraat 11 in Vanderbijlpark.

Onder die bates tel 'n 200 kg per uur-pastileermasjien, 'n poeier-freesmasjien, 'n bosseleerder, 'n Allwood-bandskuurder en 'n nywerheidswaterkoeltoring, model ICT1250.

Verder is daar ook 'n Mitsubishi FD20-dieselvurkhyser.

Voornemende kopers moet kennis neem dat die finansiële instelling wat die verkoper is die reg voorbehou om nie die hoogste aanbieding of enige ander aanbieding te aanvaar nie.

Die bepalings en voorwaardes en 'n gedetailleerde koperspak is beskikbaar by www.parkvillageauctions.co.za. Bel Andrew Dix-Peek by 082 778 6001 vir meer inligting.

Aanbiedings kan ingedien word by PVA se hoofkantoor: Eenheid 10, Ferndale Mews-Noord, Oaklaan, Ferndale, Randburg.